Woemaboeke

www.woemaboeke.com
Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Hersien jou Sinstrukture en Taalvorme met hierdie blokraai vir Graad 10 tot 12.



BLOKRAAI

Lees die leidrade en volg die instruksies.
Dwars beteken Across en **Af** beteken Down

DWARS →

1. Indirekte Rede: Jan sê dat hy twee dae gelede siek was.
   Direkte Rede: Jan sê: "Ek was ___ siek."
3. Ek wens my skooltas is lig, maar dit is baie ___. Dit voel of my rug wil breek.
5. Watter punktuasieteken/leesteken sit jy aan die einde van 'n vraag?
7. Dennis is 'n dief. Hy ___ ander mense se goed.
8. Ek kan jou naam nie onthou nie, ek het dit ___.
10. Kies die korrekte voorsetsel: Jy moet wag (**tot/vir**) Maandag.
12. Gee die antoniem van **selde**.
14. Gee die Afrikaanse woord vir "**recognise**".
16. Vul die korrekte voorsetsel in: Thea is baie talentvol. Haar vriendinne is jaloers ___ haar.
18. Gee 'n sinoniem vir die woord in hakies: Ons eet (**voedsel**) vir energie.
19. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Die wildtuin is vol 'n klomp (aap).
20. Gee 'n sinoniem vir die woord in hakies: Tessa moet (**dadelik**) kom; iets vreesliks het gebeur!
22. Gee die vroulike vorm vir die woord in hakies: Die (**haan**) lê eiers.
24. Gee 'n sinoniem vir die woord in hakies: Daar is baie visse in die (**oseaan**).
26. 'n ___ is 'n honderd jaar.
28. Ons noem iemand wat van Ierland af kom, 'n ___.
30. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Ina moet altwee haar (**arm**) gebruik om die oefening te doen.
32. My hond het nie meer twee oë nie, maar net een ___.
34. Dit was vir John baie ___ om die Wiskundetoets te skryf, maar vir my was dit nog erger.
36. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Hoeveel (**skip**) is daar in die hawe?
38. Die groente wat gebruik word om tjips te maak, is 'n ___.
40. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Michelle se vriend het vir haar tien klein (**roos**) gegee.
42. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: 'n (**Doof**) persoon kan nie mooi hoor nie.
44. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Die motor is nie oud nie; dit is 'n (**nuut**) motor.
46. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: 'n Mini is 'n klein (**kar**).
47. Jy het een aan elke kant van jou kop.
49. Klein kindertjies hou van jellie en geel ___.

AF ↓

1. Gee die afkorting vir **ensovoorts**.
2. Voltooi die vergelyking: So groen soos ___.
4. Gee een woord vir die woord in hakies: Die man wat aan die deur klop, is (**baie vreemd**).
6. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Dit is die (**trots**) atleet wat die resies gewen het. Sy is trotser as al die ander atlete.
8. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Ons het drie klein (**valk**) in die wildtuin gesien.
9. Wat noem jy iemand wat altyd te veel eet?
11. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: 'n Klein (**seun**) kan baie kattekwaad aanvang.
13. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Die (**blaf**) honde moet nou ophou.
15. Wat noem jy 'n persoon wat foto's neem?
17. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Die land se (**pad**) is besig gedurende die vakansie.
19. Wat noem jy iemand wat alkohol misbruik?
21. Party onderwysers is (**kwaai**) as ander.
23. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Hy het die (**goed**) in die kompetisie gedoen.
25. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Die kat het een groot oog en een klein (**oog**).
27. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Die (**brand**) huis gaan heeltemal afbrand.
29. Skryf die Afrikaanse woord vir "**sorry"** neer.
31. Gee die afkorting van **millimeter**.
33. My matras was baie hard. Pa en ma koop toe vir my 'n nuwe een. Nou is dit lekker ___.
35. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: My vriendin is 'n baie (**gaaf**) meisie.
37. Ek het die fiets gekoop. Dis nie joune nie, maar ___.
39. Taste the delicious food! = ___ die lekker kos!
41. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies: Die (**leef**) is vol verrassings.
43. Die diamant ___ jy kyk, is duisende rande werd.
45. Ek sal liewer die resies wil ___ as verloor.